

'n Historiese Korpus van Vroeë Afrikaans: Op pad na 'n gesamentlike begrip van die herkoms en ontwikkeling van Afrikaans

Roné Wierenga (ViVA & NWU) & Wannie Carstens (Taalkunde) (NWU)

Die herkoms van Afrikaans het Afrikaanse en Nederlandse navorsers nog altyd geïnteresseer. 'n Aantal publikasies wys die ooreenkomste en verskille tussen Afrikaans en Nederlands uit (soos Le Roux 1921; Nienaber 1949, 1953 en 1984; Scholtz 1950, 1963 en 1972; Pfeiffer 1989; Jansen & Olivier 1986; Ehlers & Van Beek 2007, en andere), of bied teorieë oor hoe Afrikaans moontlik uit 17de-eeuse Nederlands gespruit het (soos Smith 1952; Raidt 1982; Conradie 2014; Carstens & Raidt 2017 en 2019). Tog is dit moeilik om die uitsette van hierdie publikasies te verifieer aan die hand van empiriese taaldata.

Met die koms van nuwe tegnologie en nuwe metodes raak die kans al hoe beter om meer gefundeerde antwoorde aan die hand van betroubare en verifieerbare data op navorsingsvrae oor die ontwikkeling van Afrikaans te kry. Sedert die 2000's het meerdere taalkundiges al gebruik gemaak van Afrikaanse en Nederlandse korpora en korpuslinguistiese metodes om bepaalde verskille in die ontwikkeling van Afrikaans en Nederlandse ewekniekonstruksies uit te wys (vergelyk onder meer Breed 2012; Kirsten 2013; Geleyn & Coleman 2014; Kirsten 2016; Breed, Brisard en Verhoeven 2017; Van Olmen & Breed 2018; Wierenga & Breed 2021). Die gebrek aan 'n Historiese Korpus vir Vroeë Afrikaans (1675 – 1925) het egter tot gevolg dat daar steeds opvallende leemtes in die navorsing oor die ontstaan van Afrikaans is.

Die Vroeë Afrikaans wat sedert 1675 aan die Kaapkolonie gebruik is voor die erken van Afrikaans as amptelike taal in 1925 (waarna 'n standaardiseringsproses gevolg het) toon sterk ooreenkomste met Nederlands en word soms nog beskou as 'n bastervorm van Nederlands eerder as Afrikaans. 'n Beplande *Historiese Korpus van Vroeë Afrikaans* (1675-1925) maak dit egter moontlik om vergelykende studies te doen waarin die 17de-eeuse Nederlands op die vasteland van Europa as kontrole dien om taalverandering en variasie in Vroeë Afrikaans as sodanig te eien ten einde met meer sekerheid die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans te dokumenteer. Die vertrekpunt is: hoe meer bronne daar beskikbaar is oor die verlede en hoe meer toeganklik hulle is, hoe grondiger kan navorsing onderneem word. Om 'n groter korpus van Afrikaanse bronne saam te stel, moet die fokus na digitisering verskuif word, juis omdat die gebruik van tegnologie in taalkundige navorsing soveel potensiaal het. Met die hulp van tegnologie kan soveel meer bronne beskikbaar gestel word as wat tot op hede die geval was.

In hierdie opsig sluit die digitisering in Afrikaans, soos begin met die DBAT, aan by reeds bestaande projekte, soos die DBNL in Nederlands. Die werk van en deur Nederlandse instansies (soos die Meertens Instituut, die INT), die uitvoer van projekte (soos DAGENTA deur vooraanstaande Nederlandstalige navorsers) en die gebruik van tegnologieë (soos Taalportaal) dien as model en basis vir die totstandkoming van 'n Historiese Korpus van Vroeë Afrikaans. Die talle bronne wat ook reeds in DBAT opgeneem is, vorm reeds deel van die verlangde databasis.

In hierdie referaat word vervolgens bespreek (a) watter nut 'n Historiese Korpus van Vroeë Afrikaans vir taalkundige navorsing oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans in verhouding tot Nederlands kan inhou, (b) die uitdagings met betrekking tot digitisering en digitalisering in die Suid-Afrikaanse konteks en die wyse waarop hierdie uitdagings in Nederlandse projekte soos die *Briewen as buit*-korpus van die Universiteit Leiden (vgl. <https://briewenalsbuit.ivdnt.org/corpus-frontend/BaB/about>) hanteer is, (c) die rol wat Nederlandse instansies (soos die INT asook die Meertens Instituut) wat by ooreenstemmende projekte betrokke is, in so 'n projek kan speel, en (d) die prominentste verskille tussen die Afrikaanse en Nederlandse konteks met betrekking tot die

konseptualisering, aanpak en uitvoer van 'n omvattende bronneprojek van en vir ouer Afrikaanse tekste.

In die referaat word derhalwe verslag gedoen oor 'n reeds lopende projek wat uiteindelik 'n groot impak sal kan hê op antwoorde wat gegee kan word op die vraag: Wanneer was Afrikaans nie meer Nederlands nie?